



DEDICATION ALWAYS SHOWS

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

IN HIERDIE UITGAWE

01 FOKUS

Pieter Du Toit Sr - Besturende Direkteur: Dutoit Groep

Willem Coetzee - Hoofuitvoerende Beampte: Dutoit Agri

03 AFDELINGNUUS

Vastrap

Tandfontein

Nooitgedacht

Dutoit Vrugte

Bemarking

Oos-Kaap

09 ONS GEMEENSAP

Wêreld TB-Dag

Aanlyn HIV-kursus


Hardop Leesdag

Vakleerlingskappe

Ernest Messina - Boodskap tydens Dienstoekenings

Laerskool Koue Bokkeveld Rugby

Aanstellings & Oorplasinge







PIETER DU TOIT

Na twee jaar van Covid kon niemand voorsien dat die eerste 3 maande van 2022 so dramaties sou verloop nie. Almal is sekerlik bewus van 'n reeks uitdagings wat ons getref het. Dit is oorlog in die Oekraïne, Ruslandmark wat gesluit is, ongehoorde stygings in koste, inflasie wat die hoogte inskiet, logistieke stelsels wat wêreldwyd ontwrig is, die Kaapse Hawe wat nie behoorlik aan die gang kom nie, sterk Rand, die kompetisie kommissie se ondersoek en beurtkrag.

Hoe moet ons reageer op al hierdie dinge? Op ons Dutoit Groep Direksie se Maart 2022-vergadering het ons diep besin hieroor. Daar is tans baie onsekerhede. Niemand kan regtig die uitkoms voorspel nie. Sulke tye bied nie alleen uitdagings nie, maar ook geleenthede. Dit is gedurende sulke tye waar die spanlede mekaar moet ondersteun en super aanpasbaar moet wees. Ons tref reëlins, maar dit verander die healtyd! Ons sien ook groot stres toestande binne landbou omdat landbouprodukte, en veral vars produkte, se prys ontdekking vraag en aanbod is. Dit gaan moeilik wees om kostestygings oor te dra na verbruikers. Ons moet daarom baie streng wees met uitgawe beheer, kapitaalspandering en produktiwiteit.

Gelukkig is ons vanjaar geseën met 'n groot skoon oes. Ons het geweet dat dit die infrastruktuur tot die uiterste sou toets. Wat ons nie kon voorsien het nie, was dat CFP toegegooi sou word onder sapvrugte wat geweldige ontwrigting met die pluk en lewering veroorsaak. Ons span het egter uitstekend gevaar deur voor die ryp word patroon van die vrugte te bly en die uie onder dak te kry voor die groot reën. Baie dankie aan almal se samewerking.

Die besluit van Vladimir Poetin om Oekraïne aan te val, is vir die hele wêreld 'n skok. Ondenkbaar! Die aanhoudende aanslag op die mense van Oekraïne, die geweldige onsekerheid en ontwrigting waardeur gesinne gaan, is net te veel. Ons moet aanhou bid vir 'n skikking. Die mensdom kan nie gelukkig lewe terwyl daar sulke ontberinge is nie!



WILLEM COETZEE

My (nee, ons) beker loop oor...

Met hierdie woorde van Dawid beskryf hy so mooi sy seëninge wat hy vanaf ons Vader ontvang (Psalm 23 vers 5, 1953 vertaling).

Vandag kan ons dieselfde sê, maar ook op letterlike wyse. Dutoit Agri beleef 'n besondere jaar ten opsigte van ons oeste. Ons uie-oes was 6% beter as verwag en, hoewel die aartappels en patats nog in proses van oes is, lyk dit ook baie belowend. Aan die vrugtekant word ons verwagtinge ook tans oortref en almal hardloop volspoed om te verseker dat ons die kwaliteit nou bewaar en ook optimaliseer in baie moeilike markomstandighede.

Stroom-af in ons ketting kreun dit ook; ons koelkamers (beker) loop letterlik oor. Die sapfabriek is onder groot druk en verskeping bly 'n groot kwessie. Koste skiet tans die lug in as gevolg van die Russiese inval in die Oekraïne en ons moet daaglik nuwe planne maak om dit te beperk en te bestuur.

Elders in die wêreld slaap families met gewere in hul hand, net vir ingeval hulle vanaand hul dorp en vaderland moet beskerm. China is opnuut besig om stede te sluit in 'n poging om nuwe uitbrake van Covid-19 te voorkom.

Met soveel wêreldgebeure wat 'n impak op ons besigheid het, raak dit baie moeilik om fokus te behou. Ons moet egter vorentoe fokus en slegs op dit wat binne ons beheer is, terwyl ons gedurig kennis neem en pro-aktief optree teen al die ander geraas en gebeure.

En dan, te midde van dit alles, kom 'n herdenking waarin ons net weer perspektief kan ontdek. Ons Vader wat Sy enigste Seun gegee het om vir my en jou aan 'n houtkruis te sterf. Ek het hierdie afgelope Paastyd met 'n beker wat oorloop van dankbaarheid en seën, wat ons só onverdiend en onvoorwaardelik ontvang, ingegaan. Ek is dankbaar vir die gesondheid van ons mense, asook vir elkeen se harde werk en bydrae tot die volhoubaarheid van ons besigheid en sy mense.

Mag jou beker oorloop en mag jy ook, te midde van die warboel, ware perspektief ervaar.

VASTRAP

SOKKER-FINAAL

2022 se sokker-finaal word beskryf as die "beste" nog. Die wedstryd het in Ceres by die Munisipaliteit se sportvelde plaasgevind en is deur WLFA georganiseer. Die toeskouers/ondersteuners se gedrag was baie goed en beskaafd, en aansienlik beter as die afgelope tyd op die plase. Die energie was aansteeklik en die sportmangees was mooi om te aanskou.

Ons wil graag die Koue Bokkeveld Sokker Komitee bedank vir hul onsterflike gees en deursettingsvermoë om die sokker-liga onder die moeilike omstandighede te reël.

Baie geluk aan die 4 spanne; Dennekruin, Vastrap, Hoogland en Tandfontein, wat in die semi-finale deelgeneem het. Vastrap en Tandfontein het mekaar in die opwindende finaal aangevat, waar Vastrap die wedstryd met 'n 3-2 oorwinning afgesluit het.

Koue Bokkeveld Opleidingsentrum



Wenners: Vastrap



Naasweners: Tandfontein

NOOITGEDACHT



WITZENBERG GOT TALENT

Nooitgedacht se Xhosa-koor en Solosanger; Nthabeleng Shobuj, het gedurende Februarie in die semi-finaal op Nuwedorp en in die finale op 5 Maart te Bo-Swaarmoed deelgeneem aan die Witzenberg Got Talent kompetisie.

Nthabeleng Shobuj (links) het eerste plek behaal in die semi-finaal en 2de plek in die finale. Nooitgedacht se Xhosa-koor het eerste plek behaal in die semi-finaal, asook in die finale. Ons wil hulle hartlik geluk wens met hierdie prestasie.

DUTOIT VRUGTE

DUTOIT KARTONNE DEEL VAN ONS LEWENSREIS

Dutoit bokse is nou al van studentedae af 'n onskeibare deel van my lewe. As 'n eerstejaarstudent wat van Port Elizabeth af koshuis toe in Potchefstroom moes trek, het Dutoit bokse my belangrikste bietjie pakgoed beskerm. Mense het altyd uitgekyk by supermarkte of hulle nie dalk Dutoit bokse uitgooi nie, omdat dié bokse die sterkstes was, en 'n goeie deksel ook gehad het.

Van Potch af na Stellenbosch en daarna Robertson - het my versameling Dutoit bokse vergroot, soos wat my trek elke keer groter geword het. Met Rustenburg toe trek en trou het ek geweet mybreekware is veilig, want ek het hulle in die twee Dutoit bokse gepak wat ek al van eerstejaar af saamkarwei.

Nóg ses jaar later klim my seuntjie, Richter, in 'n Dutoit-boks nadat ons die vakansiepakasie afgelaai het. Richter se sussie word oor twee maande gebore, en ek pak die babaklere wat ons by my niggie gekry het in 'n Dutoit boks, om bo in die kas te sit tot dān. Dutoit se lekker vrugte, en hulle goeie verpakking, bly darem maar in elke fase 'n deel van mens se lewe. **Christie van Heerden**




BEMARKING

If you had to ask someone to pick 5 fruits (the amount you should have every day) most people would pick an apple for sure. By growing the fruit category within Pick n Pay, we can sell more of our products using a campaign that gets people eating more fruit, with our apples front and centre. The following campaign will launch in May 2022.

CAMPAIGN LOGO

Building on last year's Pick Dutoit is a promotional campaign that includes last year's campaign device and adds to it with messaging selling not just apples, but a healthier fruit-focused diet.





IN PACK PAPERCRAFT APPLE

Each variety will feature a different colour papercraft apple that also has the farm visual on the inside and the Dutoit apple story in numbers, so you know where your pick came from.

IN STORE MOBILE

Along with floor stickers, shelf ads and posters. The papercraft Pick 5 Fruits Pick Dutoit apple will hang in outlets above the fruit, subtly directing us to the Dutoit apples: with the consumers own papercraft apple in pack.



DIGITAL CAMPAIGN POSTS

The 5 fruits a day campaign will pair apples off in recipes based on what fruit are season. Leading to a downloadable recipe book online.

MOST CRAFTY CUSTOMER AWARD

Customers that pick all 5 packs and assemble their apples and post a pic online with #PickDutoit will win apple hampers and a crafted experience.

OOS-KAAP



BRING HOOP

Ons wil graag almal aanmoedig om hierdie jaar verskilmakers te wees in die omgewing waar u werk en woon. Bring hoop en maak 'n verskil in iemand se lewe. Ek wil graag u aanmoedig om ambassadeurs te wees vir die volgende twee projekte wat die Gesondheidswerkers in elke afdeling sal dryf;



Givers of the Cold

Hierdie is deel van ons waardetoevoegingsprojekte in samewerking met VALK. Skoolgaande kinders van Dutoit-plase, wat lang afstande na hul naaste skool moet stap, word in wintertye van 'n mussie, serpie en handskoene voorsien. Afsnydatum vir die insameling van mussies, serpe en handskoene is 15 Julie 2022.



Dignity Kits

These kits contain hygiene and sanitary items as well as other items which will be distributed to maintain the health and dignity of women and girls. Generally, these kits contain sanitary pads, bath soap, multiple pairs of underwear, detergent powder, sanitary napkins, a flashlight, toothpaste, a toothbrush, and a comb.

George Bokkies



SPANBOU

Die Oos-Kaap afdeling is al 17 jaar deel van die Dutoit Groep en ons het dit op Meulrivier gevier. Die weer het saamgespeel en daar was geswem, met "tubes" rondgedryf, "ge'zip line" oor die dam en 'n seperige glyseil.

Daar is ook 'n pad berg-op en dan sien jy Karatara en die see! Die mooiste veldblomme nou! Antonie het 'n skaap gespit en Lisa en Martha het slaai en roosterkoek voorsien vir Saterdagavond se ete. Laataand het ons eie troebadoer, Gerhard, ons met die kitaar, mondfluitjie en sang om 'n heerlike groot vuur vermaak.

Dankie vir Gert en sy Meulrivier span vir al die voorbereiding en ook vir almal se deelname, ons sien uit na die volgende kamp! Terrein is te huur aan die Wes-Kaap personeel, kontak net vir Gert.

Vanessa Strydom



NETBAL

“Sommige plattelandse dorpie het ’n boekklub of teekring, hier in die Langkloof kom ons dames bymekaar en speel netbal. So tussen die geklets en lag gooi ons darem ’n paar balle rond en kry ons oefening in.

Op Saterdag 26 Maart 2022 vier ons saam met ons buurdorp Kareedouw hul Dorp van die Jaar 2020 Makietie na twee jaar se uitstel. Dit was ’n heerlike naweek van netbal, rugby, dodgeball en uitstekende Afrikaanse kunstenaars. Wat ’n vreugde om weer fees te kon hou na dit vir so lank net ’n begeerte was.

Dankie Dutoit vir ons kleurvolle sokkies. Sport het nou maar net daardie positiewe uitwerking op ’n mens se fisiese- en emosionele welstand. Ons moet gemotiveerd bly om dit in ons besige skedules in te pas.”

Ilse Laux



DECIDUOUS FRUIT DEVELOPMENT CHAMBER SOUTH AFRICA

THE DFDC-SA is the transformation division of HORTGRO – the umbrella body for South African deciduous fruit growers. They are South Africa’s first black deciduous fruit producers organization with a geographical footprint in 7 provinces, representing 113 producer units, with its own board of directors. The chamber was created in November 2007, with the strategic intent of transforming the deciduous fruit industry by including black farmers and role-players throughout the value chain. The DFDC-SA’s mandate is to double the industry by 2050.

Heroes of transformation took centre stage at the Deciduous Fruit Industry Transformation Awards in March. South Afrika's national minister of agriculture, land reform and rural development, Thoko Didiza, was the keynote speaker at the event. It was hosted by the Deciduous Fruit Development Chamber South Africa to honour individuals and companies who have played an important transformation role in the past 28 years.

Jenniville Uithaler received the award for Best Producer on behalf of Misgund Trust. Congradulations!

Tiisetso Manoko

KLINIEK



WÊRELD TB-DAG

Op 23 Maart 2022 het Florence Hlomela van Sneeuwkop by die kliniek 'n bewusmakingspraatjie aangebied. By dié geleentheid het sy die stigma omtrent TB, armoede and HIV streng aangespreek asook die feite vir die groep deur te gee. As gemeenskap van Seeuwkop het sy elkeen se rol ten opsigte van TB en gesondheid duidelik aangespreek, terwyl Suster Brümilda bygestaan het om vrae te help beantwoord.

24 Maart was Wêreld TB-dag. Dit is 'n dag vir bewusmaking van hierdie siekte waarin jaarliks talle mense sterf. Tog is TB ten volle behandelbaar en geneesbaar. Mense verwaarloos egter die siekte en is nie altyd getrou met die inname van medikasie nie. In 2020 het die gesondheidswerkers in samewerking met USAID en die Departement Gesondheid van Januarie tot Maart intensiewe screening (siftingstoetse) op die plase gedoen en mense is getoets. **Mariette le Roux**



SYMPTOMS

Get checked for TB if you experience **2 weeks+** of:



Coughing



Chest pain



Weight loss



Night sweats



All **children** in SA receive the BCG vaccine to protect against TB at birth.

737
of every
100 000

South Africans had some form of TB in 2018.



Men are **1.6x times** more likely to get TB than women.

WHAT CAUSES IT & HOW IS IT SPREAD?

TB is caused by a **bacteria** called *Mycobacterium tuberculosis*. It's spread when infected people propel TB germs into the air by:



Coughing



Sneezing



Spitting



Pulmonary TB is most prevalent among **age groups 35-44, and 65+.**

People with untreated TB could infect another

10-15
people
each year.


CAN IT ONLY AFFECT MY LUNGS?

TB is most known as a disease of the **lungs**, but it can affect virtually **any organ** – from your **heart, liver, spleen & brain** to your **joints, spinal cord, and abdomen.**



World Health
Organization

Reduce your risk of getting HIV by:



Using
condoms



Ensuring that your
partners who are living
with HIV are taking
treatment



Using PrEP to prevent
getting HIV if you have
ongoing risk, including
during pregnancy



Using sterile needles
and syringes for all
injections



Getting tested and
treated for sexually
transmitted infections

HIV AANLYNKURSUS

Die Wes-Kaap Gesondheidswerkers het in Nov 2021 'n aanlynkursus van 3 weke by die Departement Gesondheid bygewoon. Op 1 Maart 2022 is hulle sertifikate van bevoegdheid by die Tandfontein kliniek aan hulle oorhandig. Die kursus was in HIV-toetsing en -berading. Na afloop van die teorie gedeelte, moes elkeen 'n paar pasiënte toets vir HIV en ook die nodige berading doen.

Die kursus was 'n uitdaging omdat dit 'n paar eerstes behels het: Dit was in Engels aangebied (Al die werker se tweede taal!) hoewel die assesering in hulle moedertaal kon geskied. Dit is aanlyn op Tandfontein en by Dutoit Vrugte aangebied, waar die werkers moes bymekaarkom. IT was so vriendelik om rekenaars spesiaal vir hierdie doel op te stel. Dit was vir die meeste van die werkers ook 'n eerste om op 'n rekenaar te werk en hulle spot dat veral die muis nogal vir hulle 'n uitdaging was. Hulle moes ook skriftelik take aanlyn indien en volgens die susters was die kursus glad nie maklik nie!

Ons glo dat die voltooiing van hierdie kursus 'n verskil op ons plase gaan maak omdat daar toenemend vanaf die Dept Gesondheid verwag word dat pasiënte op 'n gereelde basis gesif en getoets moet word. Die susters beskou hulle bydrae as waardevol om hulle eie werksladings te verlig.

Hiermee ons hartlike geluk aan die Gesondheidswerkers! Baie dankie ook aan Susters Phia en Brümilda wat bystand verleen het en aan Jaco van der Walt en die IT-span vir hulle tegniese bystand.

Mariette le Roux



Agter: Anna Khontsiwe (Kromfontein); Barbie Siboto (Nooitgedacht), Cynthi Kuvido (Tandfontein); Madia Hlazo (Tandfontein); Florence Hlomela (Sneeuwkop)

Voor: June Jantjies (Kromfontein), Adrieëta Ambraal (Nooitgedacht), Johanna Beukes (Lindeshof), Grieta Daniels (Dutoit Groente); Sarah Jiemies (Lindeshof), Sophia Muller (Vreeland), Roshell de Klerk (Vastrap), Victoria Mbandazayo (Paardekloof)

Afwesig: Shernay Nel (Dutoit Vrugte); Sophie de Bruin (Paardekloof), Sarie Franse (Coshla)

BEWAARSKOLE



WORLD READ ALOUD DAY WITH NAL'IBALI

This year marks Nal'ibali's 10th annual celebration of World Read Aloud Day! We invite you and your family to read our special story, *A party at the park*, aloud. It is written by Mabel Mnensa and illustrated by Rico.

The story is available in all 11 official South African languages. And, to allow as many people as possible to enjoy our World Read Aloud Day story in their home language, the story is also available in Shona, French, Chichewa, Portuguese, Swahili and Lingala.

Read a story aloud to as many children as possible and be part of building literacy in South Africa!

What to do

Pledge to read aloud together as a family this World Read Aloud Day – and every day. Sign up at www.nalibali.org or WhatsApp the word “WRAD” to 060 044 2254. Each family that signs up will have the opportunity to join Nal'ibali's World Read Aloud Day family-reading journey. You will receive additional stories as well as tips and ideas on how to read with your children throughout the year.

Grow a love of reading together when you enjoy a story with your children every day, it:

- shows them that you think books and reading are important.
- gives you things to talk about as a family.
- builds a strong bond between you.
- helps them see that reading is an enjoyable and rewarding activity.
- shows them how we read and how books work.
- lets them enjoy stories that they cannot yet read on their own.
- encourages them to learn to read for themselves, and then to keep reading.
- helps develop literacy and emotional skills so that they can cope well at school and in society.





Families that read together, succeed together.

You can read the story aloud to children who are 6 years and older. Children aged 3 to 6 will enjoy listening to the story while you tell it to them. Here are some ideas on how to share the story with younger children.

Before

- Get to know the story well enough so that you can retell it in your own way.
- Think about how to bring the story to life.
- Choose a time of the day to share the story when your whole family is together.
- Find parts of the story where your children can join in.
- Decide what facial expressions and gestures you want to use as you tell the story.
- Collect and/or make simple drums, shakers and chimes using tins, or download and print the story's pictures from www.nalibali.org to use and show as you tell the story.
- Practise telling or reading the story aloud yourself.

During

- Introduce the story and characters.
- Tell your children the story.

After

- Ask open-ended questions to encourage your children to think about the story.

Share photos and videos of you and your children enjoying the World Read Aloud Day story and activities on our Facebook page @NalibaliSA!

Nal'ibali (isiXhosa for "here's the story") is a national reading-forenjoyment campaign. Our vision is a South Africa where every child enjoys a story every day.

Al Dutoit se Bewaarskole het vanjaar weer deelgeneem aan die projek.

Coshla Terugvoering

Gedurende die voorlees het ons twee nasorg leerders gebruik om die liedjie uit te beeld en instrumente te speel. Die lees van stories was met passie gelees, sodat kinders dit kan geniet. Beskikbare materiaal in skool was gebruik.

Vrae was daarna gevra vanuit die storie bv. Waaroor het storie gegaan? Wie het die kitaar gespeel ens. Vrae was baie spontaan beantwoord. Die kleinspan het dit baie geniet.



Yabelanani ngebali namhlanje!


USuku lokuFunda ngokuVakalayo lweHlabathi kunye noNa'ibali



Lo nyaka ubuyekeza iNa'ibali ngombhiyozo wonyaka **we-10** we-uSuku lokuFunda ngokuVakalayo lweHlabathi! Siyakumema wena kunye nosapho lwakho ukuba nifunde ibali lethu elikhethekileyo, Umbhiyozo epakini ngokuvakalayo. Libhalwe nguMabel Mnensa imifanekiso yafakwa nguRico.

Eli bali liyafumaneka ngazo zoli-11 iilwimi zaseMzantsi Afrika ezisemthethweni. Nokuvumela abantu abaninzi ngokunokwenzeka ukuba bonwabele ibali lethu ngolwimi lwabo lwenkobe, ibali liphinde lifumaneka ngesiShona, ngesiFrentshi, ngesiChechewa, ngesiPutukesi, ngesiSwahili nangesiLingala.

Sincele sifunde ibali ngokuvakalayo ebantwaneni abaninzi ngokunokwenzeka kule-uSuku lokuFunda ngokuVakalayo lweHlabathi, **2 kweyoMdumba 2022** – nayo yonke imihla – uze ube yinxalenye yokwenza ukufunda nokubhala eMzantsi Afrika!




Khulisa uthando lokufunda ndawonye

Xa wonwabela ibali nabantwana bakho yonke imihla, ku:

- ✦ ubabonisa ukuba ucinga ukuba iincwadi nokufunda zibalulekile.
- ✦ kukunika izinto eninokuthetha ngazo njengosapho.
- ✦ kwakhekha ulwalamano olomeleleyo phakathi kwenu.
- ✦ kubanceda babone ukuba ukufunda ngumsebenzi omnandi futhi onomvuzo.
- ✦ kubabonisa indlela esifunda ngayo nendlela iincwadi ezisebenza ngayo.
- ✦ kubavumela ukuba bonwabele amabali abangekakwazi ukuzifundela wona.
- ✦ kubakhuthaza ukuba bafunde ukuzifundela kwaye baqhubeke nokufunda.
- ✦ kubenza baphuhle ekufundeni nasekubhaleni nezakhono zemvakalelo ukuze bakwazi ukuqhuba kakuhle eskolweni nasekuntwini.

Kumele wenze ntoni

Isithembiso sokufunda ndawonye njengosapho kule-USuku lokuFunda ngokuVakalayo lweHlabathi – nayo yonke imihla. Bhalisa ku- www.nalibali.org okanye uWhatsAppe igama u"WRAD" ku-060 044 2255. Usapho ngalunye olubhalisayo luza kuba nethuba lokuzibandakanya nohambo lokufunda losapho lwe-uSuku lokuFunda ngokuVakalayo lweHlabathi. Uza kufumana amabali ongezelekileyo kunye neengcebiso nezimvo zeNa'ibali ngendlela onokufunda ngazo nabantwana bakho kunyaka wonke.



**Sasaza uthando lwamabali!
Dlulisela esi sixhobo sebali okanye wabelane nalo nomntu omaziyo.**



Umbhiyozo epakini

Ibali libhalwe nguMabel Mnensa ★ Imifanekiso nguRico ★ Iguqulwe nguNosiphiwo Sifumba

UNeo, uJosh kunye noHope, bonke babesendlwini kaGogo. Babethetha behlekela phezulu kumnandi.



"Shhhhh!" watsho uGogo. "Andiva ukuba bathini kunomathotholo. Yizani, sonke masimameleni inkqubo yam endiyithandayo."

Wonke umntu wathi cwaka kwamanyelwa. Ngesiqophe beva umsasazi ekhankanya igama lepaki yabo.

"Wow! Ipaki yethu yindumasi!" watsho uNeo.

"...kwaye uTiniso, owaziwa ngelikaTin, uza kuba esenza inkqubo epakini ngale mvakwemini kunye neBhendi iWe Can. Iimvumi ezivela eZimbabwe, eNigeria naseMalawi zizakuba zithatha inxaxheba. Wonke ubani wamkelekile ukuba abeyinxalenye yalo mbhiyozo!" watsho umsasazi.

"Gogo," watsho uNeo, "Uvile? Bathi wonke ubani wamkelekile. Sicela ukuya?"

UGogo wajonga uNeo wancuma. "Ukuba ngaba uJosh noHope bayavunyelwa ukuba bahambe, nawe ungahamba," watsho uGogo. UJosh noHope babesele bengaphaya komnyango ngokuphazima kweso ukuya kucela imvume kubazali ukuba babe yinxalenye yombhiyozo wasepakini.

Bathi xa bebuya beze kuthatha uNeo, uHope waxelela uGogo ukuba uBella nomama wakhe nabo bayaya.

"Kulungile, nawe ungahamba ke. Nihlale nikunye," watsho uGogo.

Epakini, uNeo wabona uBella nomama wakhe kwankqu noNoodle wayezile! "Ndicinga ukuba wonke umntu wengingqi yethu ulapha," watsho uNeo. "Kukho nabantu abatsha kananjalo."

"Mamela .." watsho uJosh. "Ingaba abanye baba bantu bathetha isiFrentshi?"


"Ewe!" watsho uHope. "Kwaye ndiva nesiChichewa naso nesiShona."

UNeo wathi xhakamfu ingalo kaHope. "Jonga," watsho, uTin useqongeni! Kodwa iphi ibhendi iWe Can?"

Ngaphambi kokuba uHope aphendule, uTin wasondela ngasembokweni. "Molweni!" watsho. "INGABA SELE NIKULUNGELE UKUQALA LO MBHIYOZO?"

"Ewe, ewe!" yakhwaza yatsho inginginya!"

UTin waqalisa wadlala isiginci sakhe. "Phindani emva kwam," watsho njengoko eqalisa ukucula. "Unyawo lwasekhohlo emva."



"Unyawo lwasekhohlo emva," yacula inginginya.

"Unyawo lwasekunene emva," wacula uTin.

"Unyawo lwasekunene emva," yacula inginginya.

UJosh kunye noHope babencumile becula nabo, kodwa uNeo yena wayesalaqaza ekhangela ibhendi.



"Nonke bethu!" wakhwaza watsho uTin.

"Masibhiyozeni! Okanye ingaba nifuna ibhendi iWe Can ize kuninceda?"

"Ewe, ewe!" yakhwaza yatsho inginginya.

UTin walaqaza. "Iphi ibhendi? Yho! Andiyiboni nangotshengele. Ayinguwo umbhiyozo ngaphandle kwebhendi. Ndiza kudinga uncendo. Liqela lodwa elingafezekisa eli phupha!" Wancuma uTin ejonge kuloo nginginya yabantu. "Okokuqala, ndiza kudinga ababethi bamagubu ababini."

UNeo noHope babengabokuqala ukuphakamisa izandla zabo. Bathe bakuqabela eqongeni uTin wabathatha wabasa ngakwiinkonkxa ezine ezinkulu zekofu ezazineziciko zeplastiki. Iinkonkxa zazihonjiswe ngephepha elimibala igqamileyo kunye namaqhosha. Kwakukwakho neentonga zokubetha uNeo noHope ababeza kuzisebenzisa.

"Ngoku sidinga inkatshaza," watsho uTin.

"UJosh! Chonga uJosh!" Wakhwaza watsho uNeo.

"Ingaba ukhona umntu onguJosh apha? Uphi uJosh? Makancede eze apha," wahleka uTin.

UJosh waphakamisa isandla sakhe. Amadoda amabini aphakamisa isitulo sakhe esiqhutywayo esinamavili asisa eqongeni.

"Wamkelekile Josh, watsho uTin. "Zama ezi nkatshaza zimbini."

UJosh wahlukuhla eyokuqala waphinda wahlukuhla nenye. Zazinezandi ezahlukeneyo.

"Kwakhle," watsho uTin. "NGOKU MAKU...."

Kodwa ngaphambi kokuba agqibe, kwavakala ingxolokazi ekhenkcezo. Wonke umntu wajongajonga efuna ukubona ukuba inokuba yintoni.

UNoodle wangena waqonda eqongeni erhuqa emva kwakhe iitoti ezazibotshelwe ngomtya.

"litshaym!" wakhwaza uTin. "Bendiba ndizilahlele."

Wabaleka waya eqongeni uBella. "Noodle!" wakhwaza. UNoodle wabaleka waya kuBella neetoti zikhenkceza emva kwakhe.

"Kulungile," watsho uTin ehleka. "Ndicinga ukuba uNoodle naye ufuna ukubayinxalenye yebhendi iWe Can. Yaye ndicinga ukuba ufuna ukusijoyina," watsho ekhomba kuBella.

UTin wancedisa uBella ukungena eqongeni yaye bekunye bakhulula iitoti zeetshaym emzimbeni kaNoodle. Emva koko uBella noNoodle baya kuma ecaleni kukaNeo, uHope kwakunye noJosh.

UTin wadlalisa isiginci wathi, "MAWUQALISE UMCULO!"

Njengoko uTin wayekhomba kuNeo noHope, baqalisa ukubetha amagubu. UTin wacula, "Unyawo lwasekhohlo emva," wabuya wakhomba kwinginginya.

"Unyawo lwasekhohlo emva," yacula inginginya.

Okulandelayo uTin wakhomba kuJosh owashukumisa iinkatshaza zakhe ngaxeshanye ehambelana nesingqi.

"Unyawo lwasekunene emva," wacula uTin.

"Unyawo lwasekunene emva," yacula inginginya.

UTin wakhomba kuBella. Umqolo weetoti zenza ingxolo emyoli njengoko uBella wayezijiwuzisa ezingqubanisa enye kwenye. UNoodle wakhonkotha yimincili.

Kungekudala umbhiyozo wawuqhuba. UTin wayecula ingoma yakhe ngelixa uNeo, uHope, uJosh noBella nabo babedlala izixhobo zabo zomculo.

Imvumi nganye yacula ingoma yelizwe layo. Inginginya yayivuya iqhwaba izandla. Bayithanda inkqubo!

"Niyaboba," watsho uTin kwibhendi yeWe Can, "eli qela lincinci libe luncedo!

Ndiyabulela kwesi sine ... nakuNoodle, wonke ubani uwonwabele umbhiyozo!"



lintsapho ezifunda kunye, ziphumelela kunye

Funda uze ubalise amabali kuye WONKE umntwana YONKE imihla

Unokulifunda ibali ngokuvakalayo ebantwaneni abaneminyaka emi-6 nangaphezulu Abantwana abaneminyaka emi-3 ukuya kwemi-6 baza kukonwabela ukumamela ibali ngoxa ulibalisa kubo. Nazi ezinye zezimvo zendlela onokwabela ibali ngazo nabantwana abancinci.

Kusengaphambili

- ★ Lazi kakuhle ibali ngokwaneleyo ukuze ukwazi ukulibalisa kwakhona ngendlela yakho.
- ★ Cinga ngokuba unokulenza njani ibali liphile.
 - Prepare a special story space. Yenza isibhengezo esithi: "Yiza kwitheko lethu epakini" Sixhome apho abantwana bazosibona khona.
 - Khetha ixesha losuku lokwabelana ngebali xa usapho lwakho lukunye ngalo.
 - Fumana iinxalenye ebalini abantwana babenokuthi babandakanyeka khona, ngokomzekelo, ukwenza izenzo ezithile eculweni likaTin.
 - Gqiba ekubeni zeziphi izimbo zobuso okanye izijekulo ofuna ukuzisebenzisa xa ubalisa ibali, ngokomzekelo, ukujonga iSinokuGoba njengoko uNeo enza.
 - Qokelela kwaye/okanye wenze izigubhu ezilula, izinto ezishukunyiswayo okanye iitshima usebenzisa iitoti, okanye udawunlode uze uprinte imifanekiso yebali ku-www.nalibali.org ukuze uyisebenzise futhi uyiveze xa ubalisa ibali.
- ★ Ziqhelise ukubalisa okanye ukufunda ibali ngokuvakalayo ngokwakho, okanye ulungiselele ukuba umlinganiswa ngamnye osebalini afundwe lilungu losapho olwahlukileyo okanye umhlobo. Ngokomzekelo, indawo kaMakhulu inokufundwa nguMakhulu wakho!

Ngexesha

- ★ Yothula ibali nabalinganiswa.
- ★ Balisela abantwana ibali.

Kamva

- ★ Buza imibuzo evulekileyo ukuze ukhuthaze abantwana ukuba bacinge kwaye bathethe ngezimvo ezinxulumene nebali, ngokomzekelo, "Yintoni othanda ukuyenza kwitheko?"
- ★ Ndawonye, yenzani umdaniso wenyathelo. Biza ngokuvakalayo amanyathelo njengoko uTin enzile.
- ★ Mema abantwana ukuba:
 - benze izixhobo zomculo njengezigubhu, izinto ezishukunyiswayi neetshima besenzisa izinto eziqokelelweyo njengeetoti, iplastikhi, umtya okanye uboya, iirola zetawula yephepha, amaso, amaqhosha, iziciko zebhotile, nento yokuncamathisela, izikere nepeyinti.
 - yiba nekhonsathi apho badlala izixhobo zabo kwaye becula.
 - yenza imiboniso yebali usebenzisa intlama yokudlala okanye udongwe.



Yabelana ngeefoto neevidiyo zakho nezabantwana bakho nonwabela ibali ngoSuku lokuFunda ngokuVakalayo nemisebenzi kwikhasi lethu le-Facebook!



Nalibali (ngeSixhosa ngu "Nal'ibali") liphulo lesizwe lokufundela ulonwabo. Umbono wethu kukubona Umzantsi Afrika apho wonke umntwana onwabela ukufunda ibali yonke imihla.

Nalibali ikhona ukuze ikomeleze ize ikuxhase. **Qhagamshelana** nathi nangayiphi kwei ndlela:

[f nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA) [@nalibaliSA](https://www.youtube.com/channel/UCnalibaliSA) info@nalibali.org

Nalibali

ISIXHOSA

VAKLEERLING-SKAPPE

Daar word gesê dat die gemiddelde ouderdom van alle ambagsmanne in Suid-Afrika tans 55 jaar is. Verder word gesê dat daar tans 'n tekort aan ongeveer 40 000 ambagsmanne in Suid-Afrika is. Die gemiddelde ouderdom gee 'n aanduiding dat hierdie tekorte vorentoe net kan vergroot. Dit te midde van 'n groot werkloosheidsyfer in Suid-Afrika. Dit sal noodwendig ook die landbousektor nadelig raak, want elke groot plaas benodig ambagsmanne om hulle werkwinkel met al die toerusting in stand te hou. So ook elke pakstoor.

Waarom hierdie groot tekort? Die fokus van jongmense is huidig te veel op formele universiteitsgrade, omdat daar 'n wanpersepsie bestaan dat dit die enigste manier is om 'n werk te bekom. Toegegee, dat nie alle mense aangelê is om met hulle hande te werk nie, maar as jy hierdie gawe het, lê daar dalk vir jou as jongmens 'n goeie toekoms voor as jy op 'n ambag besluit.

'n Mens kan op verskeie maniere as 'n ambagsman kwalifiseer. Die een manier is om by 'n werkwinkel in te skryf as 'n gewone werknemer, waar jy dan indiensopleiding sal ontvang. Na drie jaar kan jy inskryf vir jou ARPL (Artisan Recognition of Prior learning). Wanneer jy as ARPL geregistreer is, is daar een jaar waarbinne jy jou kwalifikasie kan voltooi. Dit gaan behels dat jy vir 'n gapingsanalise na 'n geakkrediteerde opleidingsinstansie toe gaan, waarna jy vir 'n tydperk by die instansie jou praktiese en teoretiese opleiding kry. Daarna mag jy aansoek doen vir jou vakoets. 'n Student kry maksimum drie geleenthede om sy vakoets te voltooi en hoef, as hy sekere afdelings nie deurkom nie, slegs op daardie afdelings weer getoets te word.

Die tweede manier is om 'n roete te loop waar jy ook by 'n werkgewer inskryf (Of jy kan vanuit die staanspoor na 'n opleidingsinstansie gaan en eers jou teorie afhandel). Jy word as vakleerling geregistreer vir 'n tydperk van drie jaar. Binne hierdie tydperk werk jy ook vir 'n werkgewer, maar tussendeur moet jy minstens jou N2 voltooi asook vir jou vakopleiding in die vakleerlingskap van jou keuse gaan. Na voltooiing van al hierdie kursusse kan jy ook aansoek doen vir jou vakoets.


Dutoit het deur die jare al verskeie vakleerlinge en ARPL-studente in hulle werkwinkels opgelei. Studente word opgelei deur hulle mentors, wat gekwalifiseerde ambagsmanne is en volledige ondersteuning vir die hantering van aansoeke by die kolleges, befondsing by Agriseta en so meer, word deur die Menslike Hulpbronne Departement gebied.



Altus Franken



McNeill Schuurman



Rodney Engelbrecht

Ons is trots op ons studente wat onlangs hulle kwalifikasies voltooi het. Rodney Engelbrecht van Dutoit Vrugte het verlede jaar sy kwalifikasie as passer verwerf en Altus Franken het in Maart 2022 sy kwalifikasie as dieselwerktuigkundige voltooi. Rodney moes 'n lang pad stap omdat Covid 19 die hele onderrigstelsel in 2020 en deels in 2021 ontwrig het. Ons sê baie geluk en ons is trots op julle!

McNeill Schuurman is tans besig met sy praktiese opleiding by Nooitgedacht se werkwinkel en het reeds vooraf al die teorie voltooi. Na aflegging van sy praktiese ondervinding is dit slegs die ambagstoets wat nog vir hom voorlê.

Ambagte strek oor 'n wye terrein. Daar is onder andere ook groot tekorte in die boubedryf (messelaars, konstruksiewerke), en dan ook aan passers, passers en draaiers, ketelmakers, meulmakers, elektrisiëns, loodgieters, sweisers, diesel- en motorwerktuigkundiges, trekkerwerktuigkundiges en gereedskapmakers. Ons wil dus graag jongmense aanmoedig om ernstig na hierdie beroepe te kyk in hulle loopbaanbeplanning. Met 'n ambagskwalifikasie kan jy aan die toekoms van Suid-Afrika help bou en hoef jy nooit sonder werk te wees nie. Jy kan selfs jou eie onderneming begin. Daar is ook toenemend meer vroue wat hierdie rigtings volg en hulle staal wys.

Mariette le Roux

UITSONDERLIK



DIE KRAG OM TOT DIENS TE WEES

Ek was op skool toe een van ons onderwysers ons aangemoedig het die skoolwerk aan te pak soos 'n stoomtrein. "Ek weet ek kan, ek weet ek kan." As die trein teen 'n berg opry gaan hy baie stadiger – ek weet ek kan ek weet ek kan. Maar as die trein afdraand gaan en hy beweeg al vinniger dan klink dit – ek weet ek kan ek weet ek kan...Almal van julle wat vanaand langdienstoekenings ontvang het ook oor die jare soos stoomtreine geloop – soms stadig en soms vinniger en soms met groot spoed.

ERNEST MESSINA

Langdienstoekenings is dus baie 'n spesiale geleentheid. Dit is erkenning vir die diens wat julle oor baie jare aan die Dutoit Groep gelewer het.

Baie van julle dink vanaand baie, baie ver terug. Ek wil vra dat elkeen van ons vir 'n oomblik stil sal word en teruggedink aan die heel eerste dag toe ons by Dutoit in diens geneem is. Elkeen van julle het 'n besondere storie van julle reis by Dutoit - die opofferinge wat julle moes maak om by die punt te kom.

Dink byvoorbeeld net aan al die appels, pere en perskes [AMA-APILE u IPERE u IPESIKA] wat elkeen van julle gepluk het. Dink aan waar in die wêreld het die vrugte opgeëindig. Hoeveel mense het julle nie help voed nie, gesond en gelukkig gemaak nie. Ons besef nie altyd hoe ver dit wat ons doen, strek nie.

Die boom wat ons vandag plant – ons kry dalk nie die voorreg om in die skaduwee van daai boom te sit nie. Ander pluk die vrugte en sit dan in die skaduwee van die boom wat ons geplant het. So ons moet mooi plant en ons moet mooi oes, want die appels wat ons pluk, word geëet deur mense in verre lande – kinders, groot mense, ryk mense, geleerde mense – ALLE mense. Ons moet dus ALTYD toegewyd wees – om die HEEL BESTE DIENS TE LEWER – AAN ONSELF EN AAN DIE MAATSKAPPY IN WIE SE DIENS ONS IS.


Alle mense is dieselfde geskape. Ons mag nie dieselfde lyk nie. Ons mag nie dieselfde taal praat nie. En ons mag nie almal dieselfde dink nie of dieselfde besittings hê nie. Ons is almal deur dieselfde God geskape. En as ons werklik glo dat Hy ons almal gelyk geskape het, na Sy beeld, dan hoef ons vir niks en vir niemand terug te staan nie of minderwaardig te voel nie. Glo in jouself en sê altyd aan jouself – Ek weet ek kan - met toewyding en krag - my beste doen!

"Ek het die aand waargeneem wat die interaksie was tussen die bestuurders wat die pryse aan die ontvangers oorhandig het. Van hulle ken mekaar al baie lank en daar is vriendelike en vertrouwensverhoudinge oor jare opgebou. Deesdae is die groot woord en aanslag respek, menswaardigheid en erkenning. Mense onthou nie noodwendig altyd wat jy vir hulle doen nie maar hoe jy hulle laat voel."



Laerskool Koue Bokkeveld se O/13's het hul nuwe rugbyklere vir die seisoen ontvang! Hulle sien baie uit na 'n klomp wedstryde hierdie seisoen. Ons sê dankie aan Dutoit Agri vir hierdie netjiese uitrustings!

AANSTELLINGS & OORPLASINGS





Mathilda Rossouw: Bokkenfontein - Admin Beampte | **Rodney Engelbrecht:** Dutoit Vrugte - Ambagsman: Passer
Dora Muller: Hoofkantoor - Tee & skoonmaker | **Raymond Mohale:** Dutoit Services - Dispatch Manager | **Sarah Mokoena:** Dutoit Services - Production Manager | **Murendeni Mudae:** Dutoit Services - QC Senior Supervisor
Chantelle Reyerse: Dutoit Services - Finansiële Bestuurder | **Josh de Jager:** Dutoit Services - Instandhoudingsbestuurder | **An-Joh du Toit:** Skaapkraal - Administratiewe Klerk

Emile van Huffel (links) het op 1 Mei 2022 as Produksie-Assistent vir die volgende 12 maande op Sneeuwkop begin. Dutoit Agri (Sneeuwkop) huur al vir jare Rosendal by die Van Huffel-familie, en dit is vir ons 'n voorreg om Emile, seun van die Van Huffelgesin, in ons span te verwelkom. Freddie Eksteen gaan Emile vir die volgende 12 maande afrig as deel van sy loopbaanontwikkelingsplan. Emile se droom is om eendag die familieplaas self te kan boer, maar besef dat hy nog baie praktiese blootstelling moet deurloop. Sneeuwkop is die ideale "leerskool" hiervoor en hierdie verbintenis is wedersyds voordelig.

REDAKSIE: Runei Kotze

Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

KORRESPONDENTE: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Lenchen Visser. Paardekloof: Nicola Dark. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: An-Joh du Toit. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

REDAKSIONELE BELEID: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.